HOËRSKOOL FICHARDTPARK

FICHIES - NUUSBRIEF

Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | Epos: fichpos@fpark.co.za

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Ons is trots op die suksesvolle voltooiing van ’n besige sportnaweek. Die week wat voorlê is vol bedrywighede, maar ons omarm hierdie geleenthede, aangesien dit ons nader bring aan ons doelwit om die nuwe voorkeurskool in Bloemfontein te word.

LIEF EN LEED

As Christene ervaar ons soms hartseer as ons geliefdes aan die dood afstaan. Ons dink aan mnr. Dirkie Groenewald wie se moeder oorlede is. Ons dink ook aan een van ons gr.8-maats, JJ Wepener, wie se vader oorlede is. Ons weet dat ons Hemelse Vader uiteindelik troos sal bring.

SPORTUITSLAE

Baie geluk met die naweek se mooi sportuitslae:

Vrystaat Interhoër Swemgala

Kaylin Visser:

Goue medalje - 200m Borsslag

Silwer medalje - 100m Vlinderslag

Brons medalje - 100m Rugslag

Geluk aan al die ander swemmers wat deelgeneem het en ons naam hoog gehou het.

Motheo/Xhariep Atletiekbyeenkoms

Pragtige uitslae is behaal. Sterkte aan die atlete wat kwalifiseer vir die Vrystaat kampioenskappe (medalje wenners aangeheg).

GR.7-OPEDAG

Baie sterkte met die opedag wat plaasvind op Woensdag, 26 Februarie. Die laerskole besoek ons skool en dit is vir ons ’n gulde geleentheid om te spog met dit wat Fichies vir die gemeenskap kan bied. Baie dankie aan die leerders wat op die dag as bemarkers optree.

MUSIEKKOMPETISIE

Ons kultuurleerders is Woensdagaand betrokke by ’n geleentheid waar talentvolle, jong musici van regoor die Vrystaat met hulle talente spog.

MC DONALD'S SPORTDAG

Die 19de Sportdag vind weer eerskomende naweek plaas. Die volledige program word aangeheg. Kom ondersteun gerus hierdie dag! Sterkte aan al ons sportspanne en individue wat deelneem.

DIGI-TV

Ouers word aangemoedig om gebruik te maak van hierdie wonderlike geleentheid. Verskeie skakels word beskikbaar gestel (o.a. op die webtuiste) en baie aktiwiteite kan direk gekyk word en u kan selfs later weer na 'n spesifieke episode kyk. Ons kanaal se naam is *Fichie-TV*.

ATLETIEK: VRYSTAAT JEUGKAMPIOENSKAPPE

Sterkte aan ons atlete wat Vrydag en Saterdag aan hierdie kampioenskappe deelneem.

PERSONALIA

Ons groet me. Marlene de Vries na 27 jaar, waarvan sy 8 jaar die Engelse Departementshoof was. Me. de Vries het diep spore op verskeie terreine gelaat. Ons wens haar 'n rustige, welverdiende aftrede toe. Ons groet haar formeel met die saalopening van Dinsdag,

FICHIE-GROETE